Genl. Buys gaan nie gou weer getuig

GENL.-MAJ. C. A. BUYS, die Suid-Afrikaanse speurhoof, kan nie in die nabye toekoms getuienis aflê nie. Sy spesialis sal die posisie egter oor twee maande in heroorweging neem.

Mnr. S. A. Cilielrs, die advokaat wat namens die Polisie optree in die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol, die 31-jarige Indiër-onderwyser wat op 27 Oktober verlede jaar gesterj het toe hy uit 'n venster op die tiende verdieping van John Vorster-plein geval het, het dit gistermiddag gesê op 'n vraag van die landdros.

Landdros J. J. L. de Villiers het gesê dat hy teen die einde van aanstaande week met verlof gaan. Hy sal sowat vier of vyf weke weg wees en wou by die regsverteenwoordigers weet hoeveel getuies hule nog gaan roep en hoe lank die getuies sal neem.

Mnr. Cilliers het geantwoord dat die getuienis van dr. J. Gluckman spoedig afgehandel sal wees en dat hy daarna nog drie getuies gaan roep. Hulle is prof. H. van P. Koch, 'n Pretoriase patoloog, dr. V. D. Kemp, 'n Johannesburgse distriks-geneesheer en 'n verslaggewer van die Rand Daily Mail.

Vervolgens het mnr. Cilliers aan die landdros gesê dat genl. Buys se spesialis, dr. Marquard de Villiers, aan hom gesê het dat dit nie raadsaam is vir genl. Buys om weer getuienis te lewer nie. Hy sal die posisie egter weer oor twee maande heroorweeg.

Mnr. I. A. Maisels, QC (namens die Timol gesin) het gesê dat hy genl. Buys graag weer in die getuiebank sal wil hê. Hy aanvaar egter die feite soos dit voor die hof gelê is.

Twyfel

Ten opsigte van 'n berig in RAPPORT van 31 Oktober verlede jaar wat gehandel het oor die dood van Ahmed Timol, gaan genl. Buys die korrektheid van die berig in twyfel trek, het mnr. Cilliers gesê.

Die berig in RAPPORT het betrekking op die laaste paar oomblikke voordat Timol by die venster op die tiende verdieping van John Vorster-plein uitgeval het.

Mnr. Freek Swart, 'n verslaggewer by RAPPORT, het kort na middag-ete getuienis gelewer. Hy het gesê dat hy dié berig, wat op 31 Oktober verskyn het, geskryf het.

Hy het gesê dat hy met genl. Buys in sy kantoor in Pretoria gesels het. Hy het nie notas gemaak van wat die generaal gesê het nie aangesien hy „vir 'n ander doel daarheen gegaan het".

Opgespring

In die berig het mnr. Swart genl. Buys aangehaal en volgens hom het genl. Buys „uit die speurhoofkantoor in Pretoria" gesê dat Timol rustig op 'n stoel gesit het toe hy skielik opgespring, na die deur gemik, maar toe omgevlieg en deur die venster gespring het.

In kruisverhoor deur mnr. G. Bizos, namens die Timol-gesin, het mnr. Swart gesê dat aanhalingstekens nie noodwendig 'n verbatim-gesprek weergee nie.

In die geval het hy die generaal aangehaal omdat dit „'n beter indruk van die persoon wat praat, gee".

Hy het nie die berig agterna aan die generaal voorgelê en dit laat bevestig nie.

„Net voordat ek sy kantoor binnegestap het, het genl. Buys net gehoor dat hy bevorder is tot generaal-majoor," het mnr. Swart gesê.

Gelukwens

Hy het hom gaan gelukwens en het net toevallig van Timol se dood gepraat. Genl. Buys het net gesê: „Man, dit is wat gebeur het," en het hom die storie vertel.

Hy het gesê dat dié nie 'n gewone saak was nie en dat dit „joernalistieke praktyk" is om tydens sekere onderhoude nie notas van die spreker te neem nie.

Op 'n vraag van mnr. Bizos of dit onder sy aandag gekom het dat dit wat hy in die berig gesê het, in stryd is met dit wat polisie-offisiere, wat teenwoordig was, gesê het, het mnr. Swart gesê dat hy die saak nie so noukeurig gevolg het nie.

In kruisverhoor deur mnr. Cilliers het mnr. Swart gesê dat dit moontlik is dat sy nuusredakteur of redakteur die storie kon verander het. Wat hom betref, het hy 'n korrekte storie geskryf. Die punt van nuuswaarde was of Timol wel selfmoord gepleeg het en of daar gemene spel was.

Die ondersoek duur vandag voort.

Chris wil nie meer betaal

(Verteenwoordiger)

KAAPSTAD — Prof. Chris Barnard het gister voor die Huurraad in Kaapstad getuig dat die eienaars van sy woonstel gedreig het om hom uit te skop nadat hy 'n aanbod om sy woonstel te koop, van die hand gewys het.

„Daar is maniere om julle uit te kry as julle nie wil koop nie," is glo aan hom gesê.

Prof. Barnard was een van die talle huurders van die woonstelle, La Corniche, in Clifton, Kaapstad, wat by die raad heftig beswaar gemaak het teen die aansoek om die huur met gemiddeld sowat 280 persent te verhoog.

Hy het getuig dat hy sowat R2 000 bestee het om sy woonstel woonbaar te maak. Hy betaal tans R115,93 per maand, maar as die aansoek slaag, sal hy R375 moet betaal. „Ek sal nie daarvan hou om dit te betaal nie," het hy gesê. „Hierdie mense wil nie die huur verhoog nie, hulle wil ons daar uit hê."

Nie belanggestel

Prof. Barnard het ook getuig dat die huidige eienaars van die woonstelgebou eers na hom gekom het met 'n aanbod dat hy sy woonstel koop. Hy het egter nie belang gestel nie.

● Die woonstelbaas het gister egter ontken dat die aansoek 'n deel is van 'n plan om die huurders uit die woonstelle te kry sodat die woonstelle verkoop kan word.

La Corniche bevat 32 een-, twee- en driekamerwoonstelle waarvan die totale maandelikse huur tans R2 732 is. Hierdie huur is in Mei 1970 deur die Huurraad bepaal. La Corniche Estates wil nou die totale huur met R4 255 per maand tot R6 987 verhoog.

Billik

Mnr. R. K. Horrell, 'n kosteberekenaar, het getuig dat hy die waarde van die eiendom op sowat R665 000 bereken het. Hy meen dus ook dat die aangevraagde huur billik is met die oog op die waarde van die woonstelle.

Dr. B. G. Shapiro, ook een van die huurders, het gesê dat die aansoek om hoër huur nie net onredelik is nie, maar dat hulle in werklikheid tans te veel huur betaal. Die huidige huur is in Mei 1970 deur die Huurraad vasgestel en sedertdien is daar nog niks aan die gebou gedoen om 'n verhoogde huur te regverdig nie. Die gebou het in werklikheid agteruitgegaan.

Die Huurraad het die ondersoek tot Vrydagoggend verdaag om die betoë van die verskillende partye se regsverteenwoordigers aan te hoor.